Pretoria- 9 Junie 2013

**Skriflesing:** Mattheus 21: 12-17; Kolossense 2
Teks: **Mattheus 21:15,16; Kolossense 2:9-12**
Kategismus : **Sondag 27**
**Sing: Ps. 119:51, 55; Ps. 89:2; Ps. 81:12,15**

## Mattheus 21:12-17

Mat 21:12 En Jesus het in die tempel van God ingegaan en almal wat in die tempel verkoop en koop, uitgejaag en die tafels van die geldwisselaars en die stoele van die duiweverkopers omgegooi.
Mat 21:13 En Hy sê vir hulle: Daar is geskrywe: My huis moet 'n huis van gebed genoem word. Maar julle het dit 'n rowerspelonk gemaak.
Mat 21:14 En daar het blindes en kreupeles na Hom gekom in die tempel, en Hy het hulle gesond gemaak.
Mat 21:15 En toe die owerpriesters en skrifgeleerdes die wonderwerke sien wat Hy gedoen het, en die kinders wat in die tempel uitroep en sê: Hosanna vir die Seun van Dawid! was hulle verontwaardig
Mat 21:16 en sê vir Hom: Hoor U wat hulle daar sê? En Jesus antwoord hulle: Ja, het julle nooit gelees: Uit die mond van kinders en suigelinge het U vir U lof berei nie?
Mat 21:17 En Hy het hulle verlaat en uit die stad uitgegaan na Betánië en daar vernag.

## Kolossense 2

**Col 2:1** Want ek wil hê dat julle moet weet wat 'n groot stryd ek oor julle het, en oor die wat in Laodicéa is en almal wat my aangesig in die vlees nie gesien het nie,
Col 2:2 dat hulle harte vertroos mag word, deurdat hulle saamgevoeg word in die liefde en tot alle rykdom van die volle versekerdheid van insig, om die verborgenheid te leer ken van God en die Vader en van Christus,
Col 2:3 in wie al die skatte van wysheid en kennis verborge is.
Col 2:4 Dit sê ek, sodat niemand julle mag verlei met drogredes nie.
Col 2:5 Want al is ek ook na die vlees afwesig, tog is ek by julle in die gees, en ek verbly my om julle goeie orde te sien en die vastigheid van julle geloof in Christus.
Col 2:6 Soos julle dan Christus Jesus, die Here, aangeneem het, wandel so in Hom,
Col 2:7 gewortel en opgebou in Hom en bevestig in die geloof, soos julle geleer is, terwyl julle daarin oorvloedig is in danksegging.
Col 2:8 Pas op dat niemand julle as 'n buit wegvoer deur die wysbegeerte en nietige misleiding nie, volgens die oorlewering van die mense, volgens die eerste beginsels van die wêreld en nie volgens Christus nie.
Col 2:9 Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik;
Col 2:10 en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag;
Col 2:11 in wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus,
Col 2:12 omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het.
Col 2:13 En julle, wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het,
Col 2:14 en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael,
Col 2:15 nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het.
Col 2:16 Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie,
Col 2:17 wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus.
Col 2:18 Laat niemand julle van jul prys beroof nie, al sou hy behae hê in nederigheid en verering van die engele en indring in wat hy nie gesien het nie, en sonder oorsaak opgeblase wees deur sy vleeslike gesindheid,

Col 2:19 en nie vashou aan die Hoof nie, uit wie die hele liggaam deur die gewrigte en verbindinge ondersteuning ontvang en saamgebind word en so met goddelike groei groot word.
Col 2:20 As julle dan saam met Christus die eerste beginsels van die wêreld afgesterf het, waarom is julle, asof julle nog in die wêreld lewe, onderworpe aan insettinge
Col 2:21 soos: raak nie, smaak nie, roer nie aan nie? —
Col 2:22 almal dinge wat deur die gebruik bestem is om te vergaan—volgens die gebooie en leringe van mense,
Col 2:23 wat, alhoewel dit 'n skyn van wysheid het, in eiesinnige godsdiens en nederigheid en in gestrengheid teen die liggaam, geen waarde het nie, maar strek tot versadiging van die vlees.

## Kategismus Sondag 27

**Sondag 27**
**72 *Vraag*: Is die uitwendige, waterbad self dan die afwassing van die sonde?**
**Antwoord: Nee (a), want alleen die bloed van Jesus Christus en die Heilige Gees reinig ons van alle sondes (b).**
***(a) Matt 3:11; 1 Pet 3:21; Ef 5:26. (b) 1 Joh 1:7; 1 Kor 6:11.***

**73 *Vraag*: Waarom noem die Heilige Gees die doop dan die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes?**
**Antwoord: God sê dit nie sonder gewigtige rede nie. Hy wil ons naamlik daarmee leer dat die bloed en Gees van Christus ons sondes so wegneem soos die water die vuilheid van die liggaam wegneem. Verder wil Hy ons veral deur hierdie Goddelike waarborg en teken verseker dat ons net so werklik geestelik van ons sondes gewas is as wat ons liggaam uitwendig met water gewas word.**

**74 *Vraag*: Moet die jong kinders ook gedoop word?**
**Antwoord: Ja, aangesien hulle net soos die volwassenes in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is (a). Ook aan hulle word nie minder as aan die volwassenes deur die bloed van Christus die verlossing van die sondes (b) en die Heilige Gees wat die geloof werk (c), beloof nie. Daarom moet hulle ook deur die doop as teken van die verbond in die Christelike kerk ingelyf en van die kinders van die ongelowiges onderskei word (d). So is dit in die Ou Verbond deur die besnydenis gedoen (e) in die plek waarvan die nuwe Verbond die doop ingestel is (f).**
***(a) Gen 17:7. (b) Matt 19:14. (c) Luk 1:15; Ps 22:11; Jes 44:1-3; Hand 2:39. (d) Hand 10:.47. (e) Gen 17:14. (f) Kol 2:11-l3.***

**Skriflesing:** Mattheus 21: 12-17; Kolossense 2
Teks: **Mattheus 21:15,16; Kolossense 2:9-12**
Kategismus : **Sondag 27**
**Sing: Ps. 119:51, 55; Ps. 89:2; Ps. 81:12,15**

Jesus is in die tempel besig om grootmense, gesiene manne met 'n sweep daar uit te dryf. Broeder en susters, daardie geldwisselaars moes daar uit, want hulle was besig *om die huis van Sy Vader 'n rowerspelonk te maak.* Grootmense moet uit, hulle wat dink hulle het die geloof, maar kinders kom binne. Meer nog, die kinders roep na Jesus in die tempel terwyl Hy die grootmense daar uitjaag. *Hosanna vir die Seun van Dawid.* En Jesus word oor die kinders aangevat – *Hoor U wat hulle daar sê?* En dan antwoord Jesus vir die mense wat dink hulle het die geloof, uit Psalm 8. In die Psalm staan – *Uit die mond van kinders en suigelinge het die Here vir Hom sterkte gegrondves.* As Jesus nou die Psalm op Homself van toepassing maak dan vra Hy het julle nie gelees – *Uit die mond van kinders en suigelinge het U vir U lof berei nie*....As grootmense vir Jesus wil aanvat dan antwoord Jesus die mense met die stem van kinders. En so kan ons belydenis ook wanneer ons oor die kinderdoop aangevat word, God se stem in die stem van kinders antwoord. Dis waarom ons kinders ook hierdie belydenis moet ken.

In Markus 9 en Markus 10 hou Jesus ook aan die kinders vas as Hy die geloof vir die grootmense wil voorhou. Markus 9:36,37 – *En Hy neem 'n kindjie en laat hom in hulle midde staan en slaan sy arms om hom en sê vir hulle. Elkeen wat een van sulke kindertjies ontvang in my Naam ontvang, ontvang My. En elkeen wat my ontvang, ontvang nie My nie maar Hom wat my gestuur het.* In die volgende hoofstuk sou Jesus dit nog duideliker uitspel. Jesus het gesê – *Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God….*Die koninkryk van God behoort aan sulke kinders, maar dan is daar weliswaar mense wat wil redeneer dat die doop mag nie aan kinders behoort nie!

***

Ons gaan vandag weer kyk na die doop, die wese van die doop, óók die kinderdoop. Ons belydenis is al 'n tweede keer met die doop besig. Ons belydenis oor die doop is binne almal se bereik, ons moet net weer begin om met die belydenis te werk!

Op grond van ons belydenis doop ons dan ook ons kindertjies klein. Agter die vraag **moet die jong kinders ook gedoop word?....** staan daar baie stryd, baie trane en ook baie bloed. Kom ons by die doop is daar baie mense wat vir u en my sal wil sê dat daar is geen teks wat ons beveel om ons kinders te doop nie. Daar is geen teks wat dit beveel nie, maar verstaan tog die Bybel is nou een-maal nie 'n teksboek met 'n teks vir elke saak nie! Dis dan ook die groot gevaar as mense tekste begin memoriseer, die presiese Skrif plekke kan aangedui word, maar 'n mens mis die hele verband van die Skrif.

Op grond van so 'n gevaarlike Skrifhantering sal dit selfs gesê kan word dat vrouens mag nie Nagmaal gebruik nie. Die nag toe die Nagmaal ingestel is, was daar geen vrou aan tafel teenwoordig nie. Daar was net mans en daar is ook geen teks daarna wat spesifiek die vrouens toelaat om nou ook Nagmaal te gebruik nie. Hoekom laat ons dan nou tog wel vrouens aan die Nagmaalstafel toe? Alleen, omdat die Skrif nie in sy verse gehanteer moet word nie. As daar vir 'n bepaalde saak nie 'n teks is nie, dan is die hele Bybel nog daar.

Vrouens kan wel Nagmaal gebruik, al staan dit nêrens nie, want ons kan die hele saak alleenlik uit die volle Skrifverband aflei. So moet ons in alles met die Bybel werk. Die teksverse is alleen daar om die Skrifverband ordelik te omraam, sodat ons juis die Skrif verband kan uitwys en nie om eerstens die teksverse te ken nie!

***

Op die doop toegepas, doop ons dan nou ook ons kinders op grond van die breë lyne wat ons uit die Skrif trek, die Skrifverband. Ons belydenis is dan ook uitstekend daarvoor geskik om die breë lyne, die raamwerke uit God se Woord raak te sien en die Skrifverband te verstaan. ’n Mens wat met die Bybel sonder die belydenis wil werk, doen homself groot skade aan, want die belydenis is al vir eeue die neerslag van God se Woord. Die water van die doop kan ook op die kindertjies neerkom kragtens die belydenis, omdat ons belydenis in die genadeverbond van God gesetel is. Al staan die doop vir kinders nêrens in die Bybel nie, is die verbond tog baie duidelik en moet ons by die verbond uitkom.

God het in sy verbond die besnydenis ingestel. Nalating van die besnydenis is met die dood gestraf. En dan het die besnydenis geen betekenis op sigself gehad nie, soos wat ons net-nou ook sal sien die doop buite homself heenwys. Die doop opsigself beteken niks, as ons nie vanuit die doop verder kan kyk nie. Die besnydenis het op ’n treffende wyse na Christus heengewys. Daar is ’n liggaamsdeel wat verwyder word, daar is bloed wat vloei. Christus moes verwyder word, die weggooi van die liggaamsdeel wys op die weggooi van Jesus. Jesus is uit die land van die lewendes verwyder. Sy bloed moes Hy stort, soos wat elke besnydenis ’n bloedstorting was. Besef u nou dat Christus se dood die eintlike besnydenis voor God was. Al die besnydenisse wat vooraf plaasgevind het, was maar skaduwees van die groot besnydenis wat in Jesus Christus voltrek sou word. Na Christus is daar geen betekenis meer in die besnydenis wat met die hand verrig is nie, die besnydenis van die vlees het in Christus verval.

***

Hieroor handel Kolossense 2, want in Kolossense het Paulus met dwaalleraars, die sg. Judaïste te doen gekry, wat wou gehad het dat die christene wat uit die heidendom kom hulle ook eers moes laat besny. Paulus sê die besnydenis is nie meer nodig nie, want in Christus is hulle klaar besny met ’n besnydenis wat nie met die hande verrig word nie. Die kruisdood is die eintlike wesentlike besnydenis voor God gewees. In Christus het ons nou deur die geloof deel aan hierdie besnydenis wat aan die kruis voltrek is. Die besnydenis het nou vir ons geestelike betekenis.

En as Paulus so in Kolossense 2:11 van die besnydenis praat dan is daar in vers 12 ’n skielike oorgang na die doop. Dit is so duidelik, deur Paulus vervang die Here die woordjie besnydenis met die woordjie doop. Die besnydenis in die ou tyd is nou vir ons die doop in die nuwe tyd. Die doop het in die plek van die besnydenis gekom. Die doop sê nog meer, want

dit wat vir die besnydenis net ’n skaduwee was, Jesus Christus se koms en kruisdood, dit is nou vir die doop ’n werklikheid. Die besnydenis het heengewys na die kruis, die doop wys terug na die kruis. Kom u agter hoe die Here se genadeverbond in sy dele begin inval. Juis die doop maak dat ons die verbond soveel beter verstaan en dieselfde doop verseker ons van die Here se genadeverbond. Genade wat in geloof uitkom, sou die Here op grond van dieselfde verbond in die geslagte vir daardie kindjie die geloof skenk, wat met die doop al vir die kindjie en sy ouers ’n belofte is.

***

Die belofte van die wedergeboorte. By die doop lê die aksent op wedergeboorte, waar ons by die nagmaal, die ander sakrament, die aksent op bekering aantref. Wedergeboorte is ’n groot saak. Wedergeboorte is ’n doodgaan, dit is ’n lewendig word. Ons moet eers doodgaan om te lewe, soos wat ’n koringkorrel eers moet sterwe om te lewe. Dit is die wedergeboorte wat ons belydenis dan ook inbring as daar in die begin gevra word: **Is die uitwendige waterbad self dan die afwassing van die sonde?**

Die begin van ons belydenis is ’n waarskuwing na twee kante. Daar is ’n onderskatting, maar daar is ook ’n oorskatting van die doop. Mense wat die krag van die Here se verbond deur die doop heeltemal onderskat om nie hulle kinders te doop nie. Ons het dit aangetoon en ons gaan nog weer daarby uitkom. Die doop kan egter ook heeltemal oorskat word!

Die Roomse kerk en selfs ook die Lutherse kerk het die doop gaan veruiterlik. Rome sê die doopwater het die krag om die erfsonde af te was, want dit is gewyde water en die doop besit bonatuurlike krag. Die doop opsigself neem volgens hulle ook die persoonlike sondes van elkeen weg, hulle wat die doop met ’n berouvolle hart ontvang. By hulle is daar ’n groot haas om hulle kinders te doop, wat ook al op groot konsternasie uitgeloop het. Daar is selfs ’n nooddoop en ’n kondisionele doop onderskei, tog net om die kinders so vinnig as moontlik gedoop te kry, want as ’n kind volgens hulle ongedoop sterwe, dan gaan die kind verlore. Die doop is hiervolgens ’n noodsaaklike voorwaarde vir die saligheid en selfs vroedvroue en geneeshere het magtiging om by ’n noodgeval ’n kind te doop as dit lyk of die kind gaan sterwe en die priester sal nie betyds wees nie. Dan het hulle selfs ook al so ver gegaan om die lykie van ’n gestorwe ongedoopte kind te doop.

Die Lutherse kerk aan die ander kant het óók die doop veruitwendig of veruiterlik. Hulle glo die wedergeboorte word deur die doop bewerkstellig. So is die doop dan óók ’n noodsaaklike

voorwaarde vir ons saligheid. As die mense tog maar net besef dat water kan nie sondes afwas nie, al is dit die water van al die oseane tegelyk. Die water is ook nie die Heilige Gees wat die wedergeboorte laat plaasvind nie. Net die bloed van Jesus Christus reinig ons van al ons sondes. Dit staan so duidelik in 1 Johannes 1:7. En die wedergeboorte, dis alleen God se werk.

***

Nou staan daar wel in Titus, dat die doop *die bad van die wedergeboorte* genoem word en in Handelinge 22:16 is die gedagte dat die doop *sondes afwas.* Weereens die vraag, hoe werk die mense met die Here se Woord? Ons moet die Skrif in sy verband lees, nie vers vir vers en teks vir teks nie! As die doop *die bad van die wedergeboorte* genoem word, dan staan dit alreeds in ’n sakramentele konteks, soos wat die *afwas van die sondes* ook alreeds in ’n sakramentele konteks staan. Die teken en die betekenis word gelyktydig veronderstel, nie dat die teken nou eers betekenis moet gee nie.

***

’n Mens wat kleiner is as die Here se Woord, word verkieslik klein gedoop, want daar is groot beloftes in die Woord wat die klein mensie op grond van die grote verbond al kan ontvang, al kan ’n mens niks bydra nie. Sou ’n mens egter grootword en hy is nog nie gedoop nie, dan is die wonderlike dat dié mens eers weer sy geloof in die grote Woord moet bely, die mens moet deur sy belydenis eers weer klein word, hy moet voor God in die Woord buig. Dit gaan dan nog steeds nie eerste oor die mens se geloof nie, maar die grote God in sy Woord is bo die mens en die mens word dan gedoop soos ’n klein kindjie met ’n grote betekenis vasgemaak in die verbond.

***

Ek hoop u doop het vir u die wonderlike betekenis. Johannes die Doper het die geloof al ontvang nog voordat hy gebore is. Hy is die een wat die plek vir Jesus moes gereedmaak om ook die oorgang van besnydenis tot doop te begin. ’n Klein kindjie kan gedoop word, want die oordeel oor geloof kom nie ons mense toe nie. Johannes staan op in die baarmoeder van sy moeder, hy spring op, net toe hy die stem van God se Woord, die Jesus-Naam hoor. Is daar iemand wat kan sê Johannes het nog nie geglo nie, al is hy nog nie eers gebore nie. Hyself is sekerlik nog nie eers bewus van sy geloof nie, maar hy glo, want die geloof kom van God af. Kom u agter hoe klein kan die doop al ter sprake kom, voordat mense gebore word. Die verbond al lankal reeds aan die werk, want God se verkiesing staan geskrywe. Dit is nie vir ons mense nodig om ons neus by God se werk in te steek nie. Laat ons net werk daarmee wat

die Here ons laat toekom – verbond…..doop…..en belydenis. Aan kindertjies behoort die koninkryk van God, hoe kan die doop dan nie aan hulle behoort nie?!

AMEN